

**Romeine 6:1-11**  
**6de Sond.na Trin. 03 Julie 2016**

Liewe gemeente,  
uit die grootste brief wat ooit uit mensehand voortgevloei het, hoor ons enkele verse soos in Rom.6 opgeteken is; dit praat van **die hartstuk van ons Christelike en Lutherse geloof ....**

*Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhoudend sonde doen sodat die gendae kan toeneem? Beslis nie! Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?*



*Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Deur die doop is ons immers saam met Hom ins sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie. Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde. Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe. Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie. Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. Julle moet dus altyd onthou dat ook hulle vir die sonde dood is, maar vir God lewe; omdat julle een is met Christus.*

Liewe gemeente

was die Europese sokkerkampioenskap gisteraand nie opwindend nie!? Was die atmosfeer nie ekstasies nie toe Duitsland teen Italië tot die eindfluitjie gelykop gespeel het! En met die 11m doelskietery het die toeskouers waarskynlik staande elke sekonde vasgenael gestaar. En 80 miljoen Duitsers (plus 'n paar vlugteling) het opgespring van opgewondenheid toe die wendel aangeteken was!

Was dit so? Liewe gemeente, ek moet "bieg" - ek weet nie.

Hoe so? Wel, heel eenvoudig, ek persoonlik het nie gekyk nie, ek het geslaap.

(Ek is net uit my skoonheidsslaap geruk toe iemand die gang af roep en sing en spring - dit was vroulied en kinders wat die sokker op TV gevolg het)

Daar is baie dinge in die lewe wat ons positief opgewonde sou kon maak, maar ons weet nie daarvan nie. Toegee daar is ook soveel inligting beskikbaar dat 'n mens mos slegs hier en daar uitkies waaraan jy jouself wil blootstel nie waar nie? Blaai ek deur die koerant of gaan kuier ek by 'n vriend. Gaan doen ek wasgoed of gee ek aandag aan dinge wat ek by die werk moet inhaal; lees ek Facebook bladsye of bel ek iemand persoonlik; kyk ek nuus op TV of liewers 7de Traan (7de Laan ☺)? Sien, ons kan nie aan álles aandag gee nie, en daarom mis ons sekere dinge in die lewe.

Maar, en die 'n groot maar (!) Is daar inligting wat ek vir myself móét toe-eien nie, anders val die lewe uitmekaar? En die noodsaaklike vrae lê ook op verskillende vlakke.

Elkeen sal toegee: ek moet besin bv oor wat ek vandag sal eet = liggaamlike vlak. As ek nie vandag eet nie, wel ek sal ok wees; maar as ek twee, drie dae lank nie eet nie, sal my kragte verminder en my gemoed sal verander en my gedagtes sal begin sentreer rondom hierdie snaakse gevoel rondom die maag. As ek nog redelik gesond is, sal ek myself vra: hoe kan ek van hierdie onangename gevoel ontslae raak?

En **van kleins af het ons geleer, hoe die verskillende dinge en aksies met mekaar verband hou:** Ek het bietjie geld tot my beskikking; as ek dan nie self groente en vrugte geplant het nie, gaan ek winkel toe en gaan ruil my geld vir kos en ek eet dit! En die (gesonde) liggaam is instaat om die voedsel te verwerk, in die bloedstroom op te neem en my weer op dreef te kry. Ek voel beter, ek dink helderder, ek het weer energie en deel sommer my vreugde met ander; ek sê vir hulle hoe lekker en gesond is hierdie of daardie kossoorte.

Nou, voedsel is 'n maklike voorbeeld want ons almal weet daarvan. Ons kan ook die liggaamlike vlak maklik met die sielkundige vlak in verbinding bring. Ons leer gou dat daar méér belangrike vrae as net: hoe kry ek brood en botter op die tafel? Ons leer op verstandelike vlak van wetenskap en ekonomie. Maar dis nie genoeg nie. **Vra ons nie ook almal: hoe kry ek 'n gelukkige lewe?** Hoe kan ek positiewe verhoudinge handhaaf? Waarom is sekere mense so entusiasties en behaal sukses terwyl ander aanhou sukkel? Hoe kan ons land genees word van al die opgehoopte spanninge? Hierdie is vrae wat vêr bo die individu uitstyg en verg 'n langer asem.

Tog blyk dit wanneer ons by geestelike dinge uitkom, dat die meeste mense slegs met die absolute minimum tevrede is

Die meeste mense óf weet nie, óf is met die minimum antwoorde tevrede, óf wat nog erger is, glo leuens. **Leuens** is skynantwoorde wat my op die lang termyn in die verderf inlei. As ek byvoorbeeld dink, elke keer wanneer ek honger is, dan eet ek net 'n pakkie chips - en die gevoel van honger is weg. Maar op die lang termyn, is verwerkte aartappelskyfies vir my liggaam skadelik. Dit is 'n leuen as ek sou glo dat chips my lewe reg maak. Die verband wat ek trek tussen chips, kitsbevrediging en lang-termyn lewesonderhoud, is verkeerd, dis 'n leuen.

Daar is baie leuens wat ons glo wat op die lang termyn skadelik is. Ja, ons kan byvoeg, daar is leuens wat ons glo wat doodelik is - nie net vir hierdie liggaam nie maar vir tyd en ewigheid.

Dit is van uiterste belang dat ons aanhou vra: is die antwoord wat vir my aangebied word, inderdaad ook waarheid? **Waarheid** is antwoorde wat my tot die optimale lewe uitbring, wat my 'n sinvolle, gevulde lewe waarborg, wat vir tyd en ewigheid geldig is.

Jong mense moet tyd maak om te besin: watter beroep sal ek na my skoolloopbaan kies? Om 'n besluit te kan neem, sal dit noodsaaklik wees om te onderskei tussen *beroep* en *roeping* (dis op geestelike vlak). Wie sal hulle leer? Met watter persoon sal ek 'n myself verbind in die huwelik? Waar geografies sal 'n tuiste vestig? Ens.

Ook in ons gemeente het ons die vraag aangemoedig: **hoe sal ons vernuwing bevorder?** Hoe sal ons verder gemeente bou?

En daar is mense wat kitsantwoorde aanbied. Hulle sal byvoorbeeld aandring: „kyk na die charismatiese kerke - kyk hoe vinnig groei hulle, hoe bou hulle groot gehoorsale en hoe stroom die jong mense na hulle toe, hoe geniet hulle dit.“ En die versoeking is: doen dit ook só!

Of ander stel voor: kry 'n besigheidsplan. Kyk hoe werk suksesvolle besighede! En die veronderstelling met sulke verwysings is: maak ook só!

Baie gemeentes *val* vir sulke aanbod sonder om na waarheid te vra. Ek sê: hulle “val” daarvoor; want dit is my geloofsoortuiging dat: die kerk is 'n goddelike instelling. Die kerk is in die wêreld maar nie van die wêreld nie. En as die kerk / die gemeente bestuur word soos enige ander wêreldse instelling, sal dit val - want ons moet vra: wat is waarheid?

En die antwoord wat die Bybel vir ons gee, is: die waarheid is nie 'n idee of 'n projek nie, maar **die waarheid is 'n persoon: Jesus Christus**. Hierdie antwoord laat ons soms ongemaklik voel want baie van ons sal dink: hoe werk dit nou? Wat moet ek daarmee aanvang? (Ons sal nou-nou verder daarop ingaan...)

Die waarheid tov die kerk lui: God het die kerk *uitgesonder* (geheilig) om ánders te wees as die wêreld. En alhoewel die kerk in die wêreld is - en daarom ook wêreldse strukture uitwys (ons het vergaderings, ons het geboue, ons het georganiseerde projekte ens) - is die dinamika en dryfveer

in die gemeente *geestelik* van aard, omdat die *waarheid* in die kerk is die persoon Jesus Christus. Dadelik voeg ek daarby: die motiveringskrag word in die Bybel beskryf as die krag van die Heilige Gees.

Wanneer ons dus gemeente wil vernuwe en gemeente wil bou, sal ons (wat onself as Christene beskou) moet luister wat sê die Gees van die gemeente.

Ons gryp dus nie dadelik na die eerste besigheidsplan nie en kyk ook nie na ander kerke se sukses nie, maar ons wil luister wat God sê! Wat sê God wat is sy bedoeling met die kerk?

As 2de of 3de stap sal ons vanselfsprekend ook daarvoor nadink h e leef ons God se wil dan nou ook praktiese uit? - en in hierdie opsig is dit net goed en reg dat ons 'n besigheidsplan opstel, dat ons onself kontroleer en mekaar verantwoordelik hou. Maar julle verstaan dat: die kerk is nie 'n besigheid soos geen ander instelling in hierdie wêreld nie. Dit is uniek, eenmalig, geheilig, uitsonderlik; **die kerk bied iets aan wat jy op geen ander plek in die kosmos ontvang nie. Hier in die kerk ontvang jy waarheid; hier ontvang jy Jesus Christus!**

Na hierdie lang inleiding is ons egter midde in ons teksgedeelte van Romeine 6. Daar skryf iemand wat hoogs opgewonde is. *Opgewonde* in die positiewe en negatiewe sin van die woord. Eers positief skryf Paulus oor die genade. 5 hoofstukke lank het lirie geraak oor wat God gedoen het met 'n wêreld wat verlore gegaan het, onder die sonde geval het, oor mense wat die pad byster geraak het en weer verlossing en nuwe lewe ontvang het. 5 hoofstukke oor God se onvoorwaardelike liefde en dat God mense weer in sy heil en hemel opneem en vir hulle nuwe lewe gee. Alle hemelse skatte staan vir almal tot beskikking wat glo en gered is. Halleluja!

Maar dan skielik verander die deuntjie in Paulus se brief aan **die gemeente te Rome**. Hy dink aan diegene in die gemeente wat nog steeds die leun wil aanhang, wat doelbewus wil sondig. Sien, in Rome, die gemeente waarheen Paulus hierdie brief stuur, het hulle blykbaar gedink: "Yes, as God se genade dan altyd vir my geld, dan kan ek mos doen en laat wat  k wil. God se genade is mos altyd daar vir my? Wie kan dan teen my wees? Laat ons die sonde vermeerder, sodat die genade nog groter kan word."

Dit is hier waar Paulus met sy hande in die hare sit en terugskryf: "Beslis nie! Moet ek dit dan weer verduidelik?! Die doop is die deur na die hemel - maar julle open nou die deur tot die hel. Vroer was julle slawe van die sonde; dit het julle soos 'n slegte baas na allerhande euwels toe verlei; dit was 'n pad van wedywering, deurmekaarspul, magsstryde, leed en verdriet. Van daardie pad is julle gered, en vir daardie slegte baas het jy gesterf. Niemand het meer mag oor 'n dooie liggaam nie - en julle is vir die sonde dood!

Maar nou sedert die doop het julle 'n nuwe baas wat julle op die pad na die hemelse vreugde wil lei. Die doop is die oomblik waar God vir jou JA gesê het, waar God jou die deur na die hemel geopen het. **Die doop is die skeidslyn tussen die ou lewe (voor die doop), en die nuwe lewe (na die doop).** Die doop is die nouste  enwording met Christus en daarom absolut nodig vir die heil. Maar julle wil terug na die "ou lewe"? Julle wil aanhou sondig? Beslis nie! Julle spoeg die hemelse Vader in sy gesig as julle doelbewus wil sondig. Dit mag nie so wees nie! Veg teen die sonde!

Nou hoe veg jy teen sonde? Liewe vriende, dit is jou en my huiswerk om in vyner besonderhede daarvoor na te dink wat dit vir jou sal behels.

Wanneer bv jy na 'n werkspartytjie uitgenooi word. En jy's ook 'n persoon wat sy drankie of twee geniet. En die dinge raak bietjie oolik en die tonge raak los in die geselskap. En skielik val dit jou by: moet ek eintlik voortgaan en nog 'n glasie skink, of moet ek onttrek. Dis dan wanneer die stem in jou gewete mag wysmaak: "Ag man, jy is maar net 'n mens; jy mag mos so bietjie dronk wees, so bietjie bedrieg en leuns vertel - dis nie so erg nie. Vergeet net vir vanaand van die kerk en die goetters. Buitendien het Christus mos vir jou gesterf, dus, wat maak dit saak as jy so bietjie die gebooie buig en aanpas." Julle volg ...?

Dan antwoord jy in jou gedagtes willens en wetens: "In die naam van Christus wat sedert die doop vir my is, wil ek nie gehoor gee nie; ek sal nie sondig nie!" En dan neem 'n besluit wat jy glo vir die situasie van pas is.

(asseblief nie aflei dat ek nou 'n saak maak teen drank en partytjies nie; dis maar net 'n voorbeeld waarmee baie kan identifiseer en waar maklik met sonde gespeel word. Vanselfsprekend kan ook partytjies met drank lekker gesellig en gesond wees. Enige genadegawe kan misbruik word en vir mense 'n versoekking word.)

Ek sou nog graag baie meer voorbeelde wil gee (erotiese versoekings, bedrog, ander mense slegs sê, ens), of nog beter in 'n gesprek met jou tree, maar dit tyd laat dit nou nie toe nie. Versoekking is ook nie nou ons fokuspunt nie. Dit gaan oor die bewuswording van die doopgebeure as 'n effektiewe, deurgrypende en omvattende magsdaad van die Drie-enige God.

Ter afsluiting laat my toe om weer terug te kom na **vernuwing en gemeentebou**.

Wat wil ons in hierdie gemeente bereik? Een van die antwoorde sal wees: **Ons wil dat mense in hierdie gemeenskap met Jesus Christus verbind word** (nie met die begroting, nie 'n besigheidsplan of aan die predikant nie). En die verbinding geskied deur die doop, die nagmaal, die verkondiging van die Woord en die daaglikse stiltetyd.

Toe ek hierdie waarhede met Henry Knaus-Bekker deel wat volgende week as volwasse Christen opgeneem sal word, het sy oë geglinster en hy vir my verduidelik: dis die „tools“ wat God gebruik. Soos wanneer jy 'n kar regmaak, benodig jy 'n „spanner“ en tang. Ek antwoord: dis korrek, God gebruik ook tools om ons innerlik te herstel (herskep). Want die motor-engen kan jy sien; sonde sien ons nie sommer raak nie. Die tools wat ons nou gebruik, is woorde, taal, gebare. En met die woorde word gedagtes oorgedra. In geloofstaal sê ons: God praat, en met die praat verbind Hy ons aan Hom. Die Woord is die tool om ons met mekaar te verbind. So-ook is die doop die tool om sy heil oor te dra.

Daarby deel Christus Homself mee in die onderlingse gemeenskap, in ons diensbaarheid dmv barmhartighedsbedieninge, pastorale gesprekke en omgee-groepe.

In die lig van Romeine 6 sal ons sê as gemeentedoelstelling:

**ons gebed en insette is dat mense hulle doopgebeure ernstig sal neem, die genade sal ontdek en uit die hemelse seën gestalte aan hul' lewens sal gee.** Ons wens is dat mense na waarheid sal vra en die leuen sal ontbloot. Ons strewende daarna om meer-en-meer vervul te word met die krag van die Heilige Gees wat ons in alle waarheid sal lei. Ons is 'n soekende gemeente wat saam Bybelstudie doen, saam mekaar verryk, ons bydrae lewer, saam staan.

Plus ons wil doelbewus daar wees vir die wêreld wat die waarheid nog nie ken nie; en ons wil die vreemdeling uitnooi na ons gemeenskap toe.

Maak nie saak, liewe vriende, of ons getalle klein of groot is nie, wat saak maak is dat ons met Christus verbonde is en bly. Christus het vir my gevind, daarom wil ek doelbewus ook vir Christus vind.

As jy vanaand en môre weer stiltetyd hou, dan dank God vir die doop, vir sy onvoorwaardelike JA vir jou. In jou lewe is God aan die werk! Jy is nou deel van die Drie-enige God. Jy is een maal deur die waters van die doop versuip, gedood. En jy het eenmaal saam met Christus opgestaan en lewe.

**Nou dat jy weet, raak opgewonde! En laat nou die opstanding kragtig in julle werk.** Kies die goeie, veg teen die bose en verheerlik God deur jou keuses. Aan Hom gee ons alle lof, eer en aanbidding. Amen.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle hele wese bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.